Metode van betaling van salarisse en nie-belasbare toelaes

6. (1) Met inagneming van die verbeurde bedrae, as daar is betaal die Direkteur van die Departement van Owerheidsake en Finansies aan elke lid van die Wetgewende Vergadering (behalwe 'n lid van die Uitvoerende Raad) in maandelikse paaiemente die salaris waarop so 'n lid kragtens hierdie Wet geregtig is en die eerste maand word gereken—

(a) in die geval van 'n lid wat kragtens artikel 2 van Bylae II van die Grondwetproklamasie aangewys is, vanaf die dag waarop hy aldus aangewys is;

(b) in die geval van 'n lid ingevolge die bepalings van artikel 7 van Bylae II van die Grondwetproklamasie aangewys is, vanaf die dag waarop hy aldus aangewys is;

(c) in die geval van die Speaker en die Adjunkspeaker van die Wetgewende Vergadering, vanaf die datum van verkiesing as sodanig.

(2) Die Direkteur van die Departement van Owerheidsake en Finansies betaal aan die Hoof- Uitvoerende Raadslid in maandelikse paaiemente die salaris en nie-belasbare toelae waarop hy kragtens hierdie Wet geregtig is, gereken vanaf die dag waarop hy die eed in artikel 15 van Bylae II van die Grondwetproklamasie bedoel afgelê en onderteken het, en die Direkteur van elke ander departement betaal aan die Uitvoerende Raadslid van die betrokke departement in maandelikse paaiemente die salaris en nie-belasbare toelae waarop hy kragtens hierdie Wet geregtig is, gereken vanaf die dag waarop hy die eed in artikel 15 van Bylae II van die Grondwetproklamasie bedoel, afgelê en onderteken het.

Salarisse en nie-belasbare toelaes van lede maak vorderings uit teen Inkomstefonds

7. Die bedrag van die salarisse en nie-belasbare toelaes wat kragtens hierdie Wet betaalbaar is, maak 'n jaarlikse vordering teen die Inkomstefonds van KwaNdebele uit en die bepalings van hierdie artikel word geag 'n bewilliging van elke sodanige bedrag te wees.

Benoeming van gevolmagtigde deur Kaptein

8. 'n Kaptein wat tot Hoof- Uitvoerende Raadslid verkies word of wat as Uitvoerende Raadslid aangestel word, kan 'n gevolmagtigde benoem om hom behulpsaam te wees met die verrigting van ampspligte verbonde aan sy kapteinskap, en aan sodanige gevolmagtigde word gedurende sy ampstermyn deur die Direkteur van die Departement van Owerheidsake en Finansies 'n toelae van hoogstens R600 per jaar betaal, wat die Uitvoerende Raad bepaal.

Staking van betaling aan lid wat 'n Kaptein of hoofman is van sekere toelaes betaalbaar ingevolge Proklamasie 110 *van* 1957.

9. Indien 'n kaptein of hoofman 'n lid van die Wetgewende Vergadering word, word die betaling van enige toelae (behalwe 'n aftredingstoelae) wat ingevolge regulasie 24 of 25, na gelang van die geval, van Proklamasie 110 van 1957 aan hom betaalbaar is, op die datum waarop hy 'n lid van die Wetgewende Vergadering word, gestaak.

Herroeping van Deel II *van Bylae van Proklamasie R.* 207 *van* 1979

10. Deel II van die Bylae van die Proklamasie op die Betaling van Salarisse en Toelaes aan Lede van die KwaNdebele- Wetgewende Vergadering en Toelaes

Method of payment of salaries and non-taxable allowances

6. (1) Subject to the deductions incurred, if any, the Director of the Department of Authority Affairs and Finance shall pay to every member of the Legislative Assembly (other than a member of the Executive Council) the salary to which such member is entitled under this Act in monthly instalments, the first month to be reckoned—

(a) in the case of a member designated under section 2 of Schedule II to the Constitution Proclamation, from the day on which he was so designated;

(b) in the case of a member designated in terms of the provisions of section 7 of Schedule II to the Constitution Proclamation, from the day on which he was so designated;

(c) in the case of the Speaker and Deputy Speaker of the Legislative Assembly, from the date of their election as such.

(2) The Director of the Department of Authority Affairs and Finance shall pay to the Chief Executive Councillor the salary and non-taxable allowance to which he is entitled under this Act, in monthly instalments, to be reckoned from the day on which he made and subscribed to the oath referred to in section 15 of Schedule II to the Constitution Proclamation and the Director of every other department shall pay to the Executive Councillor of the department concerned the salary and non-taxable allowance to which he is entitled under this Act, in monthly instalments, to be reckoned from the day on which he made and subscribed to the oath referred to in section 15 of Schedule II to the Constitution Proclamation.

Salaries and non-taxable allowances of members chargeable to Revenue Fund

7. The amount of the salaries and non-taxable allowances payable under this Act shall be charged annually to the Revenue Fund of KwaNdebele and the provisions of this section shall be deemed to be an appropriation of every such amount.

Nomination of deputy by Chief

8. A chief who is elected Chief Executive Councillor or is appointed Executive Councillor may nominate a deputy to assist him in the performance of the official duties attached to his chieftainship, and such deputy shall, during the period of his office, be paid by the Director of the Department of Authority Affairs and Finance an allowance not exceeding six hundred rand per annum, to be determined by the Executive Council.

Cessation of payment to member who is a Chief or headman of certain allowances payable in terms of Proclamation 110 *of* 1957

9. If a Chief or headman becomes a member of the Legislative Assembly, the payment of any allowance (other than a retiring allowance) which is payable to him in terms of regulation 24 or 25, as the case may be, of Proclamation 110 of 1957, shall cease from the date on which he becomes a member of the Legislative Assembly.

Repeal of Part II *of Schedule of Proclamation R.* 207 *of* 1979

10. Part II of the Schedule to the Payment of Salaries and Allowances to Members of the KwaNdebele Legislative Assembly and Allowances to Members of Regional Authorities in KwaNdebele Proclamation,

aan Lede van Streeksowerhede in KwaNdebele, 1979 (hierna die Proklamasie genoem), word hierby herroep.

Vervanging van artikel 13 van Proklamasie R. 207 van 1979

11. Artikel 13 van die Proklamasie word deur die volgende artikel vervang:

"Kort titel en inwerkingtreding

13. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op die Betaling van Toelaes aan Lede van Streeksowerhede in KwaNdebele, 1979, en tree in werking op 1 Oktober 1979.".

Kort titel en inwerkingtreding

12. Hierdie Wet heet die KwaNdebele-wet op die Betaling van Salarisse en Toelaes aan Lede van die Wetgewende Vergadering, 1980, en word geag op 1 April 1980 in werking te getree het.

No. 1840 5 September 1980

KWANDEBELE-WET OP ALGEMENE LENINGS, 1980 (WET 2 VAN 1980)

Hierby word bekendgemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die volgende Wet wat deur die KwaNdebele- Wetgewende Vergadering aangeneem is en wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word:

WET

Om voorsiening te maak vir die aangaan van lenings, die bedinge en voorwaarde in verband met sodanige lenings, die beheer en terugbetaling van gelde aldus geleen; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan

Daar word bepaal deur die KwaNdebele- Wetgewende Vergadering, soos volg:

Woordomskrywing

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

"boekjaar" die tydperk vanaf 1 April in enige jaar tot en met 31 Maart in die daaropvolgende jaar;

"Grondwet" die Grondwet van die Swart State, 1971 (Wet 21 van 1971);

"inkomste uit eie bronne" alle inkomste wat ingevolge die bepalings van artikel 6 van die Grondwet in die Inkomstefonds van KwaNdebele gestort word, maar uitgesonderd inkomste verkry uit skenkings, lenings en geld deur die Parlement van die Republiek ingevolge subartikel (2) (d) van genoemde artikel bewillig;

"kapitaalwerke" werke van duursame of permanente aard wat kapitaalinvestering van meer as R15 000 per projek verg;

"KwaNdebele" die gebied bedoel in paragraaf (a) van die KwaNdebele-grondwetproklamasie, 1979 (Proklamasie R. 205 van 1979);

"Regering" die Regering van KwaNdebele;

"totale leningskuld" die totale bedrag van lenings wat op enige tydstip ingevolge hierdie Wet aangegaan en nog verskuldig is;

"Uitvoerende Raad" die Uitvoerende Raad van KwaNdebele saamgestel kragtens artikel 11 van Deel II van Bylae II van die KwaNdebele-grondwetproklamasie, 1979 (Proklamasie R. 205 van 1979).

Opbrengs van lenings word in die Inkomstefonds gestort

2. Die opbrengs van lenings wat kragtens hierdie Wet aangegaan word, word in die Inkomstefonds van KwaNdebele gestort.

1979 (here in after referred to as the Proclamation) is hereby repealed.

Substitution of section 13 of Proclamation R. 207 of 1979

11. The following section is hereby substituted for section 13 of the Proclamation:

"Short title and commencement

13. This Proclamation shall be called the Payment of Allowances to Members of Regional Authorities in KwaNdebele Proclamation, 1979, and shall come into operation on 1 October 1979.".

Short title and commencement

12. This Act shall be called the KwaNdebele Payment of Salaries and Allowances to Members of the Legislative Assembly Act, 1980, and shall be deemed to have come into operation on 1 April 1980.

No. 1840 5 September 1980

KWANDEBELE GENERAL LOANS ACT, 1980 (ACT 2 OF 1980)

It is hereby notified that the State President has approved of the following Act which was passed by the KwaNdebele Legislative Assembly and which is hereby published for general information:

ACT

To provide for the raising of loans, the terms and conditions applicable to such loans, the control and repayment of the moneys so raised; and to provide for matters incidental thereto

Be it enacted by the KwaNdebele Legislative Assembly, as follows:

Definitions

1. In this Act, unless the context otherwise indicates—

"capital works" means works of a durable or permanent nature which require capital investment exceeding R15 000 per project;

"Constitution Act" means the Black States Constitution Act, 1971 (Act 21 of 1971);

"Executive Council" means the Executive Council of KwaNdebele constituted under section 11 of Part II of Schedule II to the KwaNdebele Constitution Proclamation 1979 (Proclamation R. 205 of 1979);

"financial year" means the period from 1 April in any year to 31 March in the next succeeding year, both days inclusive;

"Government" means the Government of KwaNdebele;

"KwaNdebele" means the area referred to in paragraph (a) of the KwaNdebele Constitution Proclamation, 1979 (Proclamation R. 205 of 1979);

"own sources of revenue" means all revenue paid into the Revenue Fund of KwaNdebele in terms of section 6 of the Constitution Act, but excluding revenue derived from donations, loans and money appropriated by Parliament of the Republic in terms of subsection (2) (d) of the said section;

"total loan liability" means the total amount for which loans have been raised at any time in terms of this Act and which is still due.

Proceeds of loans raised to be paid into the Revenue Fund

2. The proceeds of loans raised under this Act shall be paid into the Revenue Fund of KwaNdebele.

Algemene leningsbevoegdheid

3. Behoudens die bepalings van hierdie Wet en die Grondwet, kan die Hoof- Uitvoerende Raadslid met die voorafverkreë goedkeuring van die Uitvoerende Raad, van tyd tot tyd die somme geld leen wat hy wenslik ag vir die finansiering van kapitaalwerke: Met dien verstande dat behalwe met die toestemming in item 31A van Bylae 1 by die Grondwet bedoel—

(a) geen lening aangegaan word wat veroorsaak dat die totale leningskuld van die Regering te eniger tyd 'n bedrag gelykstaande aan die inkomste uit eie bronne gedurende die voorafgaande boekjaar, te bowe gaan nie; en

(b) geen lening gedurende enige boekjaar aangegaan word wat veroorsaak dat die totale som van leningsgedurende so 'n boekjaar aangegaan eenvyfde van die bedrag in paragraaf (a) bedoel, te bowe gaan nie.

Aangaan van lenings

4. Behoudens die bepalings van hierdie Wet en die Grondwet, kan die Hoof- Uitvoerende Raadslid lenings aangaan op die wyse wat hy wenslik ag, en enige bedrag aldus geleen en die rente daarop, is 'n las teen en betaalbaar uit die bates en die inkomste van die Regering.

Delging, rente en koste

5. 'n Lening ingevolge hierdie Wet aangegaan, word terugbetaal en die rente daarop en die noodsaaklike koste in verband met die aangaan daarvan word betaal uit fondse wat die Wetgewende Vergadering vir die doel bewillig.

Verstrekking van besonderhede

6. (1) Wanneer 'n lening ingevolge hierdie Wet aangegaan is, word die Ouditeur-generaal onverwyld skriftelik van die bedrag en die voorwaardes van so 'n lening in kennis gestel.

(2) Die Hoof- Uitvoerende Raadslid lê so gou doenlik na 31 Maart in elke jaar 'n opgaaf van lenings, as daar is, wat gedurende die voorafgaande boekjaar aangegaan is, in die Wetgewende Vergadering ter Tafel, en dui ten opsigte van elke afsonderlike lening aan—

(a) die datum waarop die lening aangegaan is;

(b) die bedrag van die lening;

(c) die doel waarvoor die lening aangegaan is;

(d) die toepaslike leningsvoorwaardes;

(e) die totale leningskuld nadat die lening aangegaan is;

(f) die instansie by wie die lening aangegaan is.

Regulasies

7. Die Hoof- Uitvoerende Raadslid kan, met die goedkeuring van die Uitvoerende Raad, regulasies uitvaardig waarby voorgeskryf word—

(a) die prosedure wat by die uitvoering van die bepalings van hierdie Wet gevolg moet word en die vorms wat daarby gebruik moet word;

(b) die aanstelling van 'n agent vir die verrigting van enige handeling in verband met die aangaan, beheer en delging van lenings wat ingevolge hierdie Wet deur hom of sy Departement verrig kan of moet word; en

(c) enige ander aangeleentheid wat hy nodig ag ten einde die oogmerke van hierdie Wet te bereik.

Kort titel

8. Hierdie Wet heet die KwaNdebele-wet op Algemene Lenings, 1980.

General power to borrow money

3. Subject to the provisions of this Act and the Constitution Act, the Chief Executive Councillor may, with the prior approval of the Executive Council, from time to time borrow such sums of moneys as he may deem desirable to finance capital works: Provided that, except with the consent referred to in item 31A of Schedule 1 to the Constitution Act—

(a) no loan shall be raised which will cause the total loan liability of the Government to exceed, at any time, an amount equal to its own sources of revenue during the preceding financial year; and

(b) no loan shall be raised during any financial year which will cause the total amount of loans raised during such financial year to exceed one-fifth of the amount referred to in paragraph (a).

Raising of loans

4. Subject to the provisions of this Act and the Constitution Act, the Chief Executive Councillor may raise loans in such manner as he may deem desireable and any amount so borrowed and the interest thereon, shall be a charge against and payable out of the assets and revenue of the Government.

Redemption, interest and costs

5. Any loan raised in terms of this Act shall be repaid, and the interest thereon and expenses necessarily incurred in connection with the raising thereof shall be paid out of funds appropriated by the Legislative Assembly.

Furnishing of details

6. (1) Whenever a loan has been raised in terms of this Act the Auditor-General shall forthwith be notified in writing of the amount and conditions of such loan.

(2) As soon as practicable after 31 March in each year the Chief Executive Councillor shall lay upon the Table of the Legislative Assembly a statement of loans, if any, raised during the preceding financial year, indicating in respect of each individual loan—

(a) the date on which such loan was raised;

(b) the amount of such loan;

(c) the purpose for which such loan was raised;

(d) the conditions applicable to such loan;

(e) the total loan liability after such loan was raised;

(f) the instance from which such loans was raised.

Regulations

7. The Chief Executive Councillor may, with the approval of the Executive Council, make regulations prescribing—

(a) the procedure which shall be followed and the forms which shall be used in carrying out the provisions of this Act;

(b) the appointment of an agent to perform any act in respect of the raising, control and redemption of loans which he or his Department may or is required to perform in terms of this Act; and

(c) any other matter which he may deem necessary or expedient to achieve the objects of this Act.

Short title

8. This Act shall be called the KwaNdebele General Loans Act, 1980.

University of Pretoria
Together in Excellence

No. 1846 5 September 1980

ADMINISTRASIERAAD VIR DIE OOS-KAAPGEBIED

(1) BESKRYWING VAN SWART WOONGEBIED GELEË TE JAMESTOWN

(2) BESKRYWING VAN SWART TEHUIS GELEË TE JAMESTOWN

Ek, George de Villiers Morrison, Adjunk-minister van Samewerking, handelende namens en in opdrag van die Minister van Samewerking en Ontwikkeling—

(a) maak hierby bekend dat die grond beskryf in die Bylae hiervan, kragtens die bevoegdheid genoemde Minister verleen by artikel 2 (1)*bis* van die Swartes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet 25 van 1945), kragtens artikel 2 (1) (a) en (b) van genoemde Wet as 'n Swart woongebied bepaal en afgesonder is; en

(b) maak hierby bekend dat die grond beskryf in die Bylae hiervan, geleë in die Swart woongebied bedoel in paragraaf (a) hierbo, kragtens die bevoegdheid genoemde Minister verleen by artikel 2 (1)*bis* van bogenoemde Wet, kragtens artikel 2 (1) (c) van bogenoemde Wet as 'n tehuis vir Swart mans bepaal en afgesonder is.

G. DE V. MORRISON, Adjunk-minister van Samewerking.

(Leer A6/5/2/J3)

BYLAE

'n Sekere stuk grond, groot 99,3119 hektaar, synde Erf 414 geleë in die munisipale gebied van Jamestown, binne die administrasiegebied van die Administrasieraad vir die Oos-Kaapgebied, soos aangetoon op Kaart LG 7928/71 wat deur die Landmeter-generaal goedgekeur is.

No. 1846 5 September 1980

ADMINISTRATION BOARD FOR THE EASTERN CAPE

(1) DEFINITION OF BLACK RESIDENTIAL AREA SITUATE AT JAMESTOWN

(2) DEFINITION OF BLACK HOSTEL SITUATE AT JAMESTOWN

I, George de Villiers Morrison, Deputy Minister of Co-operation, acting on behalf of and by direction of the Minister of Co-operation and Development—

(a) hereby announce that the land described in the Schedule hereto, has under the powers vested in the said Minister by section 2 (1)*bis* of the Blacks (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act 25 of 1945), been defined and set apart as a Black residential area under section 2 (1) (a) and (b) of the said Act; and

(b) hereby announce that the land described in the Schedule hereto, situate in the Black residential area referred to in paragraph (a) above, has under the powers vested in the said Minister by section 2 (1)*bis* of the above-mentioned Act, been defined and set apart as a hostel for Black men under section 2 (1) (c) of the said Act.

G. DE V. MORRISON, Deputy Minister of Co-operation.

(File A6/5/2/J3)

SCHEDULE

A certain area of land, 99,3119 hectares in extent, being Erf 414, situate in the municipal area of Jamestown, within the administration area of the Administration Board for the Eastern Cape Area, as indicated on Diagram SG 7928/71, which was approved by the Surveyor-General.

DEPARTEMENT VAN WATERWESE, BOSBOU EN OMGEWINGSBEWARING

No. 1841 5 September 1980

HOUTGRADERING

Kragtens die bevoegdheid aan my gedelegeer deur die Minister van Waterwese, Bosbou en Omgewingsbewaring ingevolge artikel 3 (1) van die Boswet, 1968 (Wet 72 van 1968), om die bevoegdheid wat by artikel 10 van genoemde Wet aan hom verleen is, namens hom uit te oefen, word hierby bekendgemaak dat ek voornemens is om 'n kennisgewing uit te vaardig soos in die Aanhangsel hiervan uiteengesit.

Alle belanghebbendes wat besware teen die voorgestelde kennisgewing het, word versoek om sodanige besware skriftelik by die Adjunk-direkteur-generaal: Direktoraat van Bosbou en Omgewingsbewaring, Privaatsak X313, Pretoria, 0001, binne dertig (30) dae vanaf die datum van publikasie hiervan in te dien.

A. E. SONNTAG, Adjunk-direkteur-generaal: Direktoraat van Bosbou en Omgewingsbewaring.

AANHANGSEL

Goewermentskennisgewing 651 van 30 Maart 1979 word hierby soos volg gewysig:

1. Vervang die datum "1 April 1980" in paragraaf 8 deur die datum "1 Februarie 1981".

DEPARTMENT OF WATER AFFAIRS, FORESTRY AND ENVIRONMENTAL CONSERVATION

No. 1841 5 September 1980

TIMBER GRADING

Under the powers delegated to me by the Minister of Water Affairs, Forestry and Environmental Conservation in terms of section 3 (1) of the Forest Act, 1968 (Act 72 of 1968), to exercise on his behalf the powers conferred on him by section 10 of the said Act, it is hereby notified that I propose to issue a notice as set out in the Appendix hereto.

All interested persons who have any objection to the proposed notice are invited to lodge such objections in writing with the Deputy Director-General: Directorate of Forestry and Environmental Conservation, Private Bag X313, Pretoria, 0001, within thirty (30) days of the date of publication hereof.

A. E. SONNTAG, Deputy Director-General: Directorate of Forestry and Environmental Conservation.

APPENDIX

Government Notice 651 of 30 March 1979 is hereby amended as follows:

1. Substitute the date "1 February 1981" for the date "1 April 1980" in paragraph 8.

University of Fort Hare
Together in Excellence

ALGEMENE KENNISGEWINGS

KENNISGEWING 611 VAN 1980

DEPARTEMENT VAN FINANSIES

VERKOOPBELASTINGWET, 1978

HERSTEL VAN REGISTRASIE VAN ONDERNEMER

Ek, Willem Jan Harm van der Walt, Kommissaris van Binnelandse Inkomste, gee hierby kennis ingevolge artikel 13 (6) van die Verkoopbelastingwet, 1978 (Wet 103 van 1978) dat, volgende op die intrekking van die verkoopbelastingregistrasiesertifikaat uitgereik aan die ondernemer vermeld in die Bylae hiervan, soos bekendgemaak by Kennisgewing 85 van 1980 gepubliseer in *Staatskoerant* 6833 van 1 Februarie 1980, die registrasie van genoemde ondernemer herstel is ten gevolge waarvan 'n verkoopbelastingregistrasiesertifikaat waarop die nommer aangegee in die derde kolom van genoemde Bylae verskyn, aan bedoelde ondernemer ingevolge artikel 12 van genoemde Wet uitgereik is.

W. J. H. VAN DER WALT, Kommissaris van Binnelandse Inkomste.

GENERAL NOTICES

NOTICE 611 OF 1980

DEPARTMENT OF FINANCE

SALES TAX ACT, 1978

REINSTATEMENT OF REGISTRATION OF VENDOR

I, Willem Jan Harm van der Walt, Commissioner for Inland Revenue, hereby give notice in terms of section 13 (6) of the Sales Tax Act, 1978 (Act 103 of 1978), that subsequent to the cancellation of the sales tax registration certificate issued to the vendor mentioned in the Schedule hereto as notified by Notice 85 of 1980 published in *Government Gazette* 6833 of 1 February 1980, the registration of the said vendor has been reinstated in consequence whereof a sales tax registration certificate, on which appears the number stated in the third column of the said Schedule, has been issued to such vendor under section 12 of the said Act.

W. J. H. VAN DER WALT, Commissioner for Inland Revenue.

BYLAE/SCHEDULE

Naam van Ondernemer en/of onderneming Name of Vendor and/or enterprise	Adres Address	Nommer wat verskyn op verkoopbelastingregistrasiesertifikaat uitgereik ingevolge artikel 12 van Verkoopbelastingwet, 1978 Number appearing on sales tax registration certificate issued in terms of section 12 of Sales Tax Act, 1978
Phyl Maureen (Edms.) Bpk., handeldrywende as Barkly Batteries/Phyl Maureen (Pty) Ltd, trading as Barkly Batteries	Saambougebou, Dutoitspanweg, Posbus 1101, Kimberley/Saambou Buildings, Du Toitspan Road, P.O. Box 1101, Kimberley	802108806055

Opmerking.—Die uitwerking van die herstel van die registrasie van die betrokke ondernemer is dat sodanige ondernemer geregtig is om die bogenoemde verkoopbelastingregistrasiesertifikaat aan te wend vir doeleindes van sodanige vrystelling, wat ingevolge die Verkoopbelastingwet, 1978, by voorlegging van die sertifikaat of 'n reproduksie daarvan geëis mag word.

Note.—The effect of the reinstatement of the registration of the vendor in question is that such vendor is entitled to use the above-mentioned sales tax registration certificate for the purpose of such exemptions under the Sales Tax Act, 1978, as may be claimed upon the production of such certificate or any reproduction thereof.

(5 September 1980)

KENNISGEWING 614 VAN 1980

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG-BENUTTING

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

INTREKKING VAN REGISTRASIE VAN 'N WERKGEWERSORGANISASIE

Ek, Mattheus Willem Johannes le Roux, Nywerheidsregistrateur, maak hierby kragtens artikel 14 (1) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, bekend dat aangesien ek rede het om te vermoed dat die Hydraulics and Pneumatics Association gelikwideer is, sy registrasie ingetrek sal word tensy redes daarteen binne 'n tydperk van 30 dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing aangevoer word.

M. W. J. LE ROUX, Nywerheidsregistrateur.

(5 September 1980)

NOTICE 614 OF 1980

DEPARTMENT OF MANPOWER UTILISATION

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

CANCELLATION OF REGISTRATION OF AN EMPLOYERS' ORGANISATION

I, Mattheus Willem Johannes le Roux, Industrial Registrar, hereby notify in terms of section 14 (1) of the Industrial Conciliation Act, 1956, that as I have reason to believe that the Hydraulics and Pneumatics Association has been wound up, its registration will be cancelled unless cause to the contrary is shown within a period of 30 days from the date of publication of this notice.

M. W. J. LE ROUX, Industrial Registrar.

(5 September 1980)

University of Fort Hare
Together in Excellence

KENNISGEWING 613 VAN 1980/NOTICE 613 OF 1980

VOORLOPIGE OPGAWE VAN HANDELSTATISTIEK VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA VRYGESTEL DEUR DIE KOMMISSARIS VAN DOUANE EN AKSYNS
PRELIMINARY STATEMENT OF TRADE STATISTICS OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA RELEASED BY THE COMMISSIONER FOR CUSTOMS AND EXCISE

Opmerking.—Die in- en uitvoercyfers wat in hierdie opgawe verskyn is grootliks aangepas om dit in ooreenstemming te bring met die vereistes wat gestel word vir die opstel van die betalingsbalans
Remark.—The import and export figures reflected in this statement have been adjusted largely to bring them into line with the requirements for the compilation of the balance of payments

TYDPERK: JANUARIE TOT JULIE 1980—PERIOD: JANUARY TO JULY 1980

TABEL A: TOTALE IN MILJOENE RAND VOLGENS WÊRELDSTREKE EN SKEEPS- EN VLIEGTUIGVOORRADE
TABLE A: TOTALS IN MILLIONS OF RAND ACCORDING TO WORLD ZONES AND SHIPS' AND AIRCRAFT STORES

Wêreldstreke—World Zones	Invoere—Imports		Uitvoere—Exports	
	1980	1979	1980	1979
Afrika—Africa	167,3	132,3	648,0	387,1
Europa—Europe	3 118,3	2 385,8	3 041,7	2 796,2
Amerika—America	1 149,5	784,1	1 191,8	993,5
Asië—Asia	933,2	627,1	1 104,3	956,3
Oseanië—Oceania	54,5	42,2	51,7	39,0
Ander ongeklassifiseerde goedere en betalingsbalansaanpassings Other unclassified goods and balance of payments adjustments	2 393,1	999,7	5 535,5	2 774,5
Skeeps-/vliegtuigvoorrade—Ships'/Aircraft Stores	—	—	28,7	27,0
Groottotaal—Grand total	7 815,9	4 971,2	11 601,7	7 973,6

TABEL B: TOTALE IN MILJOEN RAND VOLGENS AFDELINGS VAN DIE CCCN
TABLE B: TOTALS IN MILLION RAND ACCORDING TO SECTIONS OF THE CCCN

Afdelings—Sections	Invoere—Imports		Uitvoere—Exports	
	1980	1979	1980	1979
I. Lewende diere: dierlike produkte Live animals; animal products	24,1	22,7	111,0	144,1
II. Plantaardige produkte Vegetable products	120,2	83,5	520,1	381,9
III. Dierlike en plantaardige vette en olies en splitsingsprodukte daarvan; voorbereide eetvette; dierlike en plantaardige wasse Animal and vegetable fats and oils and their cleavage products; prepared edible fats; animal and vegetable waxes	40,7	30,1	21,3	23,2
IV. Voorbereide voedsel; dranke, spiritus en asyn; tabak Prepared foodstuffs; beverages, spirits and vinegar; tobacco	77,8	62,9	354,6	261,7
V. Mineraalprodukte Mineral products	138,0	72,4	904,8	690,1
VI. Produkte van die chemiese en verwante nywerhede Products of the chemical and allied industries	584,2	417,0	244,1	211,8
VII. Kunsharse en -plastiekstowwe, sellulose-esters en -eters, en artikels daarvan; rubber, sintetiese rubber, faktis, en artikels daarvan Artificial resins and plastic materials, cellulose esters and ethers, and articles thereof; rubber, synthetic rubber, factice, and articles thereof	284,4	187,5	44,3	33,7
VIII. Ongelooide huide en velle, leer, pelsvelle en artikels daarvan; saal- en tuigmakerswaar; reisartikels, handsakke en dergelike houers; artikels van derm (uitgesonderd sywurmsaad) Raw hides and skins, leather, furskins and articles thereof; saddlery and harness; travel goods, handbags and the like; articles of gut (other than silk-worm gut)	21,4	21,0	90,6	107,1
IX. Hout en artikels van hout; houtskool; kurk en artikels van kurk; fabrikate van strooi, van esparto en van ander vlegwerkstowwe; mandjiewerk en vlegwerk Wood and articles of wood; wood charcoal; cork and articles of cork; manufactures of straw, of esparto and of other plaiting materials; basketware and wickerwork	50,8	35,0	29,5	23,2
X. Stowwe vir die vervaardiging van papier; papier en papierbord en artikels daarvan Paper-making material; paper and paperboard and articles thereof	170,1	114,3	88,7	89,2

Afdelings—Sections	Invoere—Imports		Uitvoere—Exports	
	1980	1979	1980	1979
XI. Tekstiele en tekstielartikels Textiles and textile articles	308,8	231,5	209,8	195,5
XII. Skoeisel, hoofdeksels, sambrele, sonsambrele, swepe, ryswepe en onderdele daarvan; bereide vere en artikels daarvan gemaak; kunsblomme; artikels van menshaar; waaiers Footwear, headgear, umbrellas, sunshades, whips, riding-crops and parts thereof; prepared feathers and articles made therewith; artificial flowers; articles of human hair; fans	26,3	19,0	9,2	7,0
XIII. Artikels van klip, van gips, van sement, van asbes, van mika en van dergelike stowwe; keramiese produkte; glas en glasware Articles of stone, of plaster, of cement, of asbestos, of mica and of similar materials; ceramic products; glass and glassware	62,0	45,2	30,1	22,2
XIV. Pêrels, edel- en halfedelstene, edelmetale, gewalste edelmetale, en artikels daarvan; nagemaakte juweliersware; muntstukke Pearls, precious and semi-precious stones, precious metals, rolled precious metals, and articles thereof; imitation jewellery; coin	34,7	17,1	1 566,7	1 392,1
XV. Onedelmetale en artikels daarvan Base metals and articles of base metal	368,8	245,0	985,4	943,2
XVI. Masjinerie en meganiese toestelle; elektriese toerusting; onderdele daarvan Machinery and mechanical appliances; electrical equipment; parts thereof	1 898,8	1 261,6	151,1	107,3
XVII. Voertuie, vliegtuie en onderdele daarvan; vaartuie en sekere verwante vervoertoerusting Vehicles, aircraft, and parts thereof; vessels and certain associated transport equipment	898,4	874,2	80,1	103,3
XVIII. Optiese, fotografiese, kinematografiese, meet-, kontrole-, presisie-, mediese en chirurgiese instrumente en apparaat; uurwerke en horlosies; musiekinstrumente; televisiebeeld- en klankopnemers en -weergewers, magneties; onderdele daarvan Optical, photographic, cinematographic, measuring, checking, precision, medical and surgical instruments and apparatus; clocks and watches; musical instruments, television images and sound recorders and reproducers; parts thereof	244,5	178,8	13,7	11,1
XX. Diverse vervaardigde artikels Miscellaneous manufactured articles	52,8	31,1	13,7	11,4
XXI. Kunswerke, versamelaarstukke en antieke Works of art, collectors' pieces, and antiques	10,4	2,9	22,4	2,2
Ander ongeklassifiseerde goedere en betalingsbalansaansuiwerings Other unclassified goods and balance of payments adjustments	2 398,7	1 018,4	6 110,5	3 212,3
Groottotaal—Grand total	7 815,9	4 971,2	11 601,7	7 973,6

(5 September 1980)

KENNISGEWING 616 VAN 1980

KENNISGEWING VAN ONDERSOEK NA EN BEPALING VAN EIENDOMS-, OKKUPASIE- EN BESITREG OP OPGEMETE GROND, DISTRIK UMZINTO

Nademaal ek, Edward Harold Oelschig, kragtens artikel 8 (1) van die Swart Administrasie Wet, 1927 (Wet 38 van 1927), behoorlik deur die Staatspresident aangestel is as Kommissaris ten opsigte van die grond in die Bylae hiervan genoem;

En nademaal ek ingevolge artikel 8 (6) van genoemde Wet ondersoek na die eiendomsreg op genoemde grond moet instel;

En nademaal ek ingevolge artikel 8 (1) gelees met artikel 8 (7) van genoemde Wet die besitreg of eiendomsreg van ander persone dan Blankes of Asiate moet ondersoek en bepaal of moet bepaal wie die persoon is wat daarop geregtig is om geregistreer te word as die eienaar van sodanige van genoemde grond as wat gekkupeer of besit word deur 'n Swarte wat nie die geregistreerde eienaar daarvan is nie;

NOTICE 616 OF 1980

NOTICE OF INVESTIGATION AND DETERMINATION OF RIGHTS OF OWNERSHIP, OCCUPATION AND POSSESSION OF SURVEYED LAND, DISTRICT OF UMZINTO

Whereas, in terms of section 8 (1) of the Black Administration Act, 1927 (Act 38 of 1927), I, Edward Harold Oelschig, having been duly appointed by the State President a Commissioner in respect of land referred to in the Schedule hereto;

And whereas in terms of section 8 (6) of the said Act I am required to inquire into the ownership of all the said land;

And whereas in terms of section 8 (1) read with section 8 (7) of the said Act, I am required to investigate and determine the rights of occupation and ownership of persons other than Europeans or Asiatics claiming to own the said land or to determine who is the person entitled to be registered as the owner of such of the said land as is occupied or possessed by a Black who is not the registered owner thereof;

So is dit dat ek, ingevolge regulasie 3 van die regulasies in Goewermentskennisgewing R. 2062 van 1968 afgekondig, hierby kennis gee dat op die datum en tyd en plek in die Bylae hiervan gespesifiseer—

(a) elke persoon ander dan 'n Blanke of Asiaat, wat grond wat in die Bylae hiervan beskryf word en wat nie op sy naam geregistreer is nie, okkupeer of besit en wat aanspraak maak op eiendomsregte op sodanige grond, sy eis by my moet indien en die titelbewys van sodanige grond, indien dit beskikbaar is, aan my moet voorlê, tesame met bewys van sy eis, identiteit en ras;

(b) enige ander persoon wat op regte aanspraak maak ten opsigte van die grond in die Bylae hiervan beskryf, by my sy eis moet indien.

Gedateer te Umzinto op hede die 5de dag van Augustus 1980.

E. H. OELSCHIG, Kommissaris.

BYLAE A

1. Restant van Perseel B3, Mayfield 5403;
2. Perseel 80 van Craigeburn-dorp—restant van Nkomanzi Drift 1357 (Gedeelte 204);
3. Perseel 81 van Craigeburn-dorp—restant van Nkomanzi Drift 1357;
4. Perseel 82 van Craigeburn-dorp—restant van Nkomanzi Drift 1357;
5. Perseel 83 van Craigeburn-dorp—restant van Nkomanzi Drift 1357;
6. Perseel 85 van Craigeburn-dorp—restant van Nkomanzi Drift 1357;
7. Perseel 86 van Craigeburn-dorp—restant van Nkomanzi Drift 1357;
8. Perseel 87 van Craigeburn-dorp—restant van Nkomanzi Drift 1357;
9. Perseel 88 van Craigeburn-dorp—restant van Nkomanzi Drift 1357;
10. Perseel 89 van Craigeburn-dorp—restant van Nkomanzi Drift 1357;
11. Perseel 90 van Craigeburn-dorp—restant van Nkomanzi Drift 1357;
12. Gedeelte 25 van Woodland Lodge 2364;
13. Gedeelte 13 van Perseel 26a van Woodland Lodge 2364;
14. plaas Saracen 9430;
15. plaas Hlokozi 11291;
16. A van Langlands 9368;
17. enige ander gedeeltes van genoemde persele/plase.

27 Oktober 1980, om 10h00.

Hofsaal van die Kommissaris, Umzinto.

BYLAE B

1. Perseel 1 van Perseel C10 No. 5583;
2. Perseel 2 van Perseel C10 No. 5583;
3. Perseel 4 van Perseel C10 No. 5583;
4. restant van Gedeelte 3 van Perseel C10 No. 5583;
5. Gedeelte 5 van Perseel C10 No. 5583;
6. Gedeelte 6 van Perseel C10 No. 5583;
7. Gedeelte 7 van Perseel C10 No. 5583;
8. Gedeelte 8 van Perseel C10 No. 5583;
9. restant van Perseel C10 No. 5583;
10. Perseel 1 van Helmesley 8781;
11. Perseel 2 van Helmesley 8781;
12. Perseel 3 van Helmesley 8781;
13. Perseel 4 van Helmesley 8781;
14. Perseel 5 van Helmesley 8781;
15. Perseel 6 van Helmesley 8781;
16. Perseel 7 van Helmesley 8781;

Now therefore, in terms of regulation 3 of the regulations published in Government Notice R. 2062 of 1968, I hereby give notice that on the date and the time and the place specified in the Schedule hereto—

(a) every person other than a European or Asiatic who occupies or possesses land described in the Schedule hereto and which is not registered in his name, and who claim rights of ownership in such land is required to lodge his claim with and produce to me the title deed to such land, if it is available, together with proof of his claim, identity and race;

(b) any other person claiming rights in repect of the land described in the Schedule hereto is required to lodge his claim with me.

Dated at Umzinto this 5th day of August 1980.

E. H. OELSCHIG, Commissioner.

SCHEDULE A

1. Remainder of Lot B3, Mayfield 5403;
2. Lot 80 of Craigeburn Township—remainder of Nkomanzi Drift 1357 (Subdivision 204);
3. Lot 81 of Craigeburn Township—remainder of Nkomanzi Drift 1357;
4. Lot 82 of Craigeburn Township—remainder of Nkomanzi Drift 1357;
5. Lot 83 of Craigeburn Township—remainder of Nkomanzi Drift 1357;
6. Lot 85 of Craigeburn Township—remainder of Nkomanzi Drift 1357;
7. Lot 86 of Craigeburn Township—remainder of Nkomanzi Drift 1357;
8. Lot 87 of Craigeburn Township—remainder of Nkomanzi Drift 1357;
9. Lot 88 of Craigeburn Township—remainder of Nkomanzi Drift 1357;
10. Lot 89 of Craigeburn Township—remainder of Nkomanzi Drift 1357;
11. Lot 90 of Craigeburn Township—remainder of Nkomanzi Drift 1357;
12. Subdivision 25 of Woodland Lodge 2364;
13. Subdivision 13 of Lot 26a of Woodland Lodge 2364;
14. farm Saracen 9430;
15. farm Hlokozi 11291;
16. A of Langlands 9368;
17. any other portions of the said lots/farms.

27 October 1980, at 10h00.

Courtroom, Office of the Commissioner, Umzinto.

SCHEDULE B

1. Lot 1 of Lot C10 No. 5583;
2. Lot 2 of Lot C10 No. 5583;
3. Lot 4 of Lot C10 No. 5583;
4. remainder of Subdivision 3 of Lot C10 No. 5583;
5. Subdivision 5 of Lot C10 No. 5583;
6. Subdivision 6 of Lot C10 No. 5583;
7. Subdivision 7 of Lot C10 No. 5583;
8. Subdivision 8 of Lot C10 No. 5583;
9. remainder of Lot C10 No. 5583;
10. Lot 1 of Helmesley 8781;
11. Lot 2 of Helmesley 8781;
12. Lot 3 of Helmesley 8781;
13. Lot 4 of Helmesley 8781;
14. Lot 5 of Helmesley 8781;
15. Lot 6 of Helmesley 8781;
16. Lot 7 of Helmesley 8781;

17. Perseel 8 van Helmesley 8781;
18. Perseel 9 van Helmesley 8781;
19. Perseel 10 van Helmesley 8781;
20. Perseel 11 van Helmesley 8781;
21. Perseel 12 van Helmesley 8781;
22. Perseel 13 van Helmesley 8781;
23. Perseel 14 van Helmesley 8781;
24. die plaas Powell 3927;
25. Gedeelte A van Santombi 9755;
26. Gedeelte B van Santombi 9755;
27. Gedeelte C van Santombi 9755;
28. Gedeelte 1 van F van Perseel 60—Umtwalume 3476;
29. restant van Perseel B6 No. 8612;
30. Gedeelte B van The Goat 7761;
31. Gedeelte 1 van The Goat 7761;
32. Gedeelte 2 van The Goat 7761;
33. Gedeelte 3 van The Goat 7761;
34. restant van Gedeelte 5 van The Goat 7761;
35. Gedeelte 21 ('n gedeelte van Gedeelte 5) van The Goat 7761;
36. Gedeelte 6 van The Goat 7761;
37. Gedeelte 7 van The Goat 7761;
38. Gedeelte 8 van The Goat 7761;
39. Gedeelte 9 van The Goat 7761;
40. Gedeelte 10 van The Goat 7761;
41. Gedeelte 11 van The Goat 7761;
42. Gedeelte 12 van The Goat 7761;
43. Gedeelte 13 van The Goat 7761;
44. Gedeelte 14 van The Goat 7761;
45. Gedeelte 15 van The Goat 7761;
46. Gedeelte 18 van The Goat 7761;
47. Gedeelte 19 van The Goat 7761;
48. Gedeelte 20 van The Goat 7761;
49. restant (Gedeelte 17) van The Goat 7761;
50. Gedeelte 21 van The Goat 7761;
51. Perseel 5734;
52. Perseel W.S.10 No. 759;
53 plaas Nyanga 13789;
54. Omdurman 8505;
55. Birr 11848;
56. Balmoral 10020;
57. Msinsini 5583;
58. Ndayikazi 8285;
59. enige ander gedeeltes van genoemde persele/plase.

3 November 1980, om 10h00.

Hofsaal van die Magistraat, Turton.

(5 September 1980)

17. Lot 8 of Helmesley 8781;
18. Lot 9 of Helmesley 8781;
19. Lot 10 of Helmesley 8781;
20. Lot 11 of Helmesley 8781;
21. Lot 12 of Helmesley 8781;
22. Lot 13 of Helmesley 8781;
23. Lot 14 of Helmesley 8781;
24. the farm Powell 3927;
25. Subdivision A of Santombi 9755;
26. Subdivision B of Santombi 9755;
27. Subdivision C of Santombi 9755;
28. Subdivision 1 of F of Lot 60—Umtwalume 3476;
29. remainder of Lot B6 No. 8612;
30. Subdivision B of the Goat 7761;
31. Subdivision 1 of the Goat 7761;
32. Subdivision 2 of the Goat 7761;
33. Subdivision 3 of the Goat 7761;
34. remainder of Subdivision 5 of the Goat 7761;
35. Subdivision 21 (a subdivision of Subdivision 5) of the Goat 7761;
36. Subdivision 6 of the Goat 7761;
37. Subdivision 7 of the Goat 7761;
38. Subdivision 8 of the Goat 7761;
39. Subdivision 9 of the Goat 7761;
40. Subdivision 10 of the Goat 7761;
41. Subdivision 11 of the Goat 7761;
42. Subdivision 12 of the Goat 7761;
43. Subdivision 13 of the Goat 7761;
44. Subdivision 14 of the Goat 7761;
45. Subdivision 15 of the Goat 7761;
46. Subdivision 18 of the Goat 7761;
47. Subdivision 19 of the Goat 7761;
48. Subdivision 20 of the Goat 7761;
49. remainder (being Subdivision 17) of the Goat 7761;
50. Subdivision 21 of the Goat 7761;
51. Lot 5734;
52. Lot W.S.10 No. 759;
53. farm Nyanga 13789;
54. Omdurman 8505;
55. Birr 11848;
56. Balmoral 10020;
57. Msinsini 5583;
58. Ndayikazi 8285;
59. any other portions of the said lots/farms.

3 November 1980 at 10h00.

Courtroom, Office of the Magistrate, Turton.

(5 September 1980)

KENNISGEWING 612 VAN 1980

DEPARTEMENT VAN FINANSIES

VERKOOPBELASTINGWET, 1978

INTREKKING VAN VERKOOPBELASTING-REGISTRASIESERTIFIKAAT

Ek, Willem Jan Harm van der Walt, Kommissaris van Binnelandse Inkomste, gee hierby kennis ingevolge artikel 13 (6) van die Verkoopbelastingwet, 1978 (Wet 103 van 1978), dat die verkoopbelastingregistrasiesertifikaat besonderhede waarvan in die Bylae hiervan uiteengesit is, ingetrek is kragtens die bevoegdhede aan my verleen by artikel 13 (4) van genoemde Wet.

W. J. H. VAN DER WALT, Kommissaris van Binnelandse Inkomste.

NOTICE 612 OF 1980

DEPARTMENT OF FINANCE

SALES TAX ACT, 1978

CANCELLATION OF SALES TAX REGISTRATION CERTIFICATE

I, Willem Jan Harm van der Walt, Commissioner for Inland Revenue, hereby give notice in terms of section 13 (6) of the Sales Tax Act, 1978 (Act 103 of 1978), that the sales tax registration certificate, details of which are set out in the Schedule hereto, has been cancelled under the powers conferred upon me by section 13 (4) of the said Act.

W. J. H. VAN DER WALT, Commissioner for Inland Revenue.

University of Pretoria
Together in Excellence

BYLAE/SCHEDULE

Naam van ondernemer en/of onderneming Name of vendor and/or enterprise	Adres Address	Verkoopbelasting-registrasiesertifikaat No. Sales tax registration certificate No.
A. C. de Oliviera.....	Groenstraat 49, Kimberley, 8300/49 Green Street, Kimberley, 8300	8064019063337

Opmerking.—Die uitwerking van die intrekking van die verkoopbelastingregistrasiesertifikaat vermeld in die Bylae, is dat bedoelde sertifikaat *nie meer gebruik mag word* vir die verkryging van sodanige vrystellings ingevolge die Verkoopbelastingwet, 1978, as waarop by oorlegging van bedoelde sertifikaat of enige reproduksie daarvan aanspraak gemaak kan word nie.

Note.—The effect of the cancellation of the sales tax registration certificate mentioned in the Schedule is that such certificate *may no longer be utilised* to obtain such exemptions under the Sales Tax Act, 1978, as may be claimed upon the production of such certificate or any reproduction thereof.

(5 September 1980)

KENNISGEWING 617 VAN 1980

DEPARTEMENT VAN STATISTIEK

Die Sekretaris van Statistiek maak vir algemene inligting bekend dat die Verbruikersprysindeks vir Julie 1980 soos volg is:

VERBRUIKERSPRYSINDEKS, ALLE ITEMS

Gebied	Indeks	
	Basis: 1975=100	Basis: April 1970=100
1. Kaapstad	172,9	269,9
2. Port Elizabeth	173,8	275,1
3. Oos-Londen	175,2	276,8
4. Kimberley	173,6	267,0
5. Pietermaritzburg	176,9	277,4
6. Durban	177,4	274,8
7. Pretoria	175,7	280,8
8. Witwatersrand	179,4	283,3
9. Klerksdorp	174,3	274,0
10. Vaaldriehoek	182,6	283,0
11. O.V.S.-goudvelde	179,6	273,9
12. Bloemfontein	176,6	273,4
Bewaarde gemiddelde van die 12 gebiede	177,2	278,6

Verduidelikende opmerkings

Die Verbruikerspryrindekse laat nie tussenstedelike vergelyking van pryspeile of lewerskoste toe nie. Die indekse toon nie of dit duurder is om in een stad as in 'n ander te woon nie. Die indekse toon vir elke stedelike gebied onafhanklik, prysveranderings wat van tyd tot tyd plaasgevind het.

Met ingang van Julie 1979 is die Verbruikersprysindeks met basis April 1970=100 vervang deur 'n Verbruikersprysindeks met die gemiddelde vir 1975 as basis. Vir die doel van loon- en ander ooreenkomste is die nuwe indeks aan die ou indeks geskakel ten einde 'n aaneenlopende reeks te verkry met April 1970=100 as basis. Hierdie indeks sal vir 'n beperkte tydperk gepubliseer word om gebruikers van die indeks die geleentheid te bied om ooreenkomste wat op die indeks met basis April 1970=100 betrekking het, te wysig.

(5 September 1980)

NOTICE 617 OF 1980

DEPARTMENT OF STATISTICS

The Secretary for Statistics notifies for general information that the Consumer Price Index for July 1980 is as follows:

CONSUMER PRICE INDEX, ALL ITEMS

Area	Index	
	Base: 1975=100	Base: April 1970=100
1. Cape Town	172,9	269,9
2. Port Elizabeth	173,8	275,1
3. East London	175,2	276,8
4. Kimberley	173,6	267,0
5. Pietermaritzburg	176,9	277,4
6. Durban	177,4	274,8
7. Pretoria	175,7	280,8
8. Witwatersrand	179,4	283,3
9. Klerksdorp	174,3	274,0
10. Vaal Triangle	182,6	283,0
11. O.F.S. Goldfields	179,6	273,9
12. Bloemfontein	176,6	273,4
Weighted average of the 12 areas	177,2	278,6

Explanatory Notes

The Consumer Price Indexes do not permit of inter-urban comparisons of price levels or living costs. They do not indicate whether it is more expensive to live in one city than in another. They indicate for each urban area, independently, the price changes which have taken place from time to time.

With effect from July 1979 the Consumer Price Index with April 1970 as base has been replaced by a Consumer Price Index with the average for 1975 as base. For purpose of wage and other agreements the new index has been linked to the old index in order to obtain a continuous series with April 1970 as base. This index will be published for a limited period to afford users of the index the opportunity to amend agreements which refer to the index on the base April 1970=100.

(5 September 1980)

KENNISGEWING 618 VAN 1980

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEE EN HAWENS

KENNISGEWING INSAKE ONTEIENING

VERWYSING LAG31/1/43/3

AAN WIE DIT MAG AANGAAN

Ooreenkomstig die bepalings van artikel 7 (4) van die Onteieningswet, 1975 (Wet 63 van 1975), word die eienaars van alle onderverdelings van Lotte 1 en

NOTICE 618 OF 1980

SOUTH AFRICAN RAILWAYS AND HARBOURS

NOTICE IN RESPECT OF EXPROPRIATION

REFERENCE LAG31/1/43/3

TO WHOM IT MAY CONCERN

In compliance with the provisions of section 7 (4) of the Expropriation Act, 1975 (Act 63 of 1975), the owners of all the subdivisions of Lots 1 and 3–9 of

3–9 van X van die plaas Bellair 823, geleë in die stad en county Durban, provinsie Natal, hierby in kennis gestel van die onteiening deur die Republiek van Suid-Afrika (in sy Administrasie van Spoorweë en Hawens van)—

sekere grond groot ongeveer 578 vierkante meter, synde 'n gedeelte van Onderverdelings 1 en 3–9 van X van die plaas Bellair 823, geleë in die stad en county Durban, provinsie Natal, soos breedvoeriger aangetoon op Plan CR1282E, omrede daarvan dat hulle die voordeel het van riool- en dreineerserwitute en die gebruik van alle paaie oor die genoemde Lotte 1 en 3–9 van X van die plaas Bellair 823.

Plan CR1282E lê ter insae in die kantoor van die Hoofbestuurder, Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, Johannesburg, en dié van die Afdelingsbestuurder, Durban.

Let asseblief daarop dat eiendomsreg op die onteiende goed, bevry van alle verbande (as daar is), kragtens artikel 8 van bogemelde Wet op die Administrasie van Spoorweë en Hawens oorgegaan het op 19 Junie 1980, maar dat die grond onderworpe bly aan ander geregistreerde regte ten gunste van derdes tensy of totdat dié regte van die eienaar daarvan onteien is.

Johannesburg, 25 Augustus 1980.
Assistent-superintendent (landgoed).

Adres: Hoofbestuurder, Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, Privaatsak X47, Johannesburg, 2134.

(5 September 1980)

X of the farm Bellair 823 situate in the City and County of Durban, Province of Natal, are hereby notified of the expropriation by the Republic of South Africa (in its Railways and Harbours Administration) of—

certain land in extent approximately 578 square metres, being a portion of subdivision 150 of 1 and 3–9 of X of the farm Bellair 823, situate in the City and County of Durban Province of Natal, as more fully shown on Plan CR1282E by reason of the fact that they have the benefit of sewer and drain servitudes and the use of all roads over the said Lots 1 and 3–9 of X of the farm Bellair 823.

Plan CR1282E is available for inspection in the office of the General Manager, South African Railways and Harbours, Johannesburg, and that of the System Manager, Durban.

Please note that in terms of section 8 of the above-mentioned Act ownership of the expropriated property passed to the Railways and Harbours Administration free of all bonds (if any) on 19 June 1980 but that the land remains subject to other registered rights in favour of third parties unless or until such rights have been expropriated from the owner thereof.

Johannesburg, 25 August 1980.
Assistant Superintendent (Estates).

Address: General Manager, South African Railways and Harbours, Private Bag X47, Johannesburg, 2134.

(5 September 1980)

KENNISGEWING 61. VAN 1980

